
Process Safety Beacon
Boodskap aan bedryfspersoneel
www.aiche.org/ccps/process-safety-beacon

An AIChE Technology Alliance
CCPS Center for Chemical Process Safety
aiche.org/ccps

This issue sponsored by
ioMosaic®
Minimizing risk. Maximizing potential.®
www.iomosaic.com

# Situasie bewustheid: Die sleutel om foute te voorkom

Desember 2021




*Figuur 1: Die diagram wys die korrekte en verkeerde manier om die handwiel van die klep af te haal soos beskryf in die insident. (Ref . Figure 3 CSB report 2016-02-I-LA )*

Twee operateurs is gestuur om 'n klep oop te maak sodat 'n pomp in bedryf gestel kan word. Hulle kon nie die klep oopkry nie en het besluit om die ratkas af te haal sodat hulle die klep met 'n bobbejaan spanner kan draai met meer hefboomkrag. Dit kan gewoonlik gedoen word sonder om die boonste flens van die klep te affekteer. (Figuur 1) In die geval het die operateurs egter die boute losgemaak wat ook die boonste flens van die klep vashou.

Die oomblik toe hulle die klep probeer draai het die gas by die boonste flens uitgelek, vlam gevat en ernstige skade veroorsaak.

## Het Jy Geweet?

- Situasie bewustheid beteken om die huidige situasie te verstaan en te weet hoe om die huidige taak veilig te kan doen.
- Onvoldoende situasie bewustheid is 'n groot faktor in ongelukke wat veroorsaak word deur menslike foute.
- As verskeie toerusting konfigurasies moontlik is in 'n area kan dit verwarrend wees en dit makliker maak vir iemand om 'n fout te maak.
- Dis goed om soms 'n tweede persoon byderhand te hê wat dophou wat gedoen word. Dit word die '4-Eyes Principle' genoem. Dit kan net werk as die waarnemer weet hoe die taak gedoen moet word en gewillig is om in te gryp as hy dink dit word verkeerd gedoen.
- Berei voor vir 'n aktiwiteit deur die prosedure te lees VOOR jy begin.

## Wat Kan Jy Doen?

- Neem twee minute voor jy 'n taak begin en vra jouself: "Wat kan hier verkeerd gaan?" met die taak of die prosedure. Het jy die korrekte veiligheids klere en gereedskap vir die taak?
- As daar 'n moontlikheid is om 'n fout te maak, laat weet jou toesighouer of skryf jou waarneming neer. Indien moontlik merk die toerusting sodat ander nie moontlik die fout kan maak nie.
- Maak seker die klep posisies, die status van toerusting en die verwagte proses kondisies is geïdentifiseer in prosedures om moontlike foute uit te skakel.
- As jy 'n taak moet doen wat jy nie onlangs gedoen het nie, hersien eers die prosedure en vra medewerkers of enigiets intussen verander het.

**Situasie bewustheid: Dink voor jy doen!**

©AIChE 2021. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for any commercial purpose without express written consent of AIChE is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 646-495-1371.